KLK LANDBOU BEPERK / LIMITED
✉ Posbus / PO Box 86, Upington, 8800
Epos / e-mail: admin@klk.co.za
☎ 054-337 6200
🖷 054-332 4580

Registrasie / Registration: 1997/015589/06
Karakoelstraat 14 / Karakoel Street, Upington, 8801
Web: www.klk.co.za
🖷 086-550 0244

BELANGRIKE KENNISGEWING: AFHAAL VAN WAPENS IN VEILIGE BEWARING

GELIEWE KENNIS te neem dat KLK LANDBOU BEPERK (hierna genoem KLK) tans wapens in veilige bewaring hou vir sekere wapeneienaars ooreenkomstig die WET OP DIE BEHEER VAN VUURWAPENS, WET 60 VAN 2000.

KLK is nie van voorneme om wapens (vir ‘n periode langer as 12 maande) verder in sy besit onder veilige bewaring te hou nie. Indien die regmatige eienaars nie hierdie wapens, wat langer as 12 maande in KLK se veilige bewaring is, opvra voor of op 26 Februarie 2021 nie, sal KLK daarna dié wapens aan die plaaslike SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS (SAPD) oorhandig om daarmee in terme van voorgemelde wetgewing te maak soos die SAPD ook al mag goed dink. KLK sal nie verantwoordelik wees vir enige skade wat enige regmatige en geregistreerde eienaar van sodanige vuurwapen mag ly as gevolg van enige optrede van KLK kragtens hierdie kennisgewing of die SAPD nadat sodanige vuurwapens deur KLK aan die SAPD oorhandig is nie. KLK sal ook nie verantwoordelik wees vir enige skade aan voormelde wapen van welke aard ook al wat enige van die wapens mag opgedoen het of opdoen terwyl dit onder die beheer en besit van KLK is nie.

KLK versoek dat wapeneienaars so spoedig doenlik met die wapenafdeling in verbinding tree om ontvangs van die wapens te neem voor of op 26 Februarie 2021 en versoek ook enige ander persoon wat moontlik kennis dra van enige van die ondervermelde persone, om hulle in kennis te stel van hierdie kennisgewing.

KLK LANDBOU BEPERK
5 Februarie 2021

DIREKTEURE / DIRECTORS :
JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), A Human (Finansieel/Financial), VJ Klein, AR Kotzé, CF Kruger, JDM Minnaar, GC Olivier, F Strydom, SD van Huyssteen (Besturend/Managing).

Maatskappysekretaris/Company Secretary: G Marquard.